**#HoeNou?! – Episode 21: VIS EN TJIPS**

**Veganisme: Hoekom eet mense vis en tjips op Vrydae?**

Ruil jy soms jou vleisie vir ’n vissie? Vas jy tussen etes of op sekere dae? Die stryd tussen vleis en vis word al lank gevoer, en mense doen dit om verskeie redes – van geloof tot gesondheid. Hoekom eet die Rooms-Katolieke altyd op Vrydae vis en tjips? Wat het vis met vas te make?

Het jy geweet?

- Die gebruik om te vas, is duisende jare oud en kom in byna alle gelowe voor.
- Simboliese redes in christelike tradisie:
    - 46 dae Vastyd (*Lent*) gedenk die 40 dae wat Jesus in die woestyn moes spandeer.
        - 46 dae = 6 weke > al die dae behalwe Sondae voor Paassondag
        - Begin op Aswoensdag
        - Daarom vas baie katolieke ook op Woensdae
    - Gedenk ook weekliks op Vrydae Jesus se kruisiging deur **onthouding** (nie vas nie – daar is ’n verskil!)
        - Vleisvrye dae (dus onthouding – *abstinence*) is ’n teken van boetedoening en verootmoediging (*penitence*) – daarom slegs vis toegelaat.
- **Fish On Friday** van Brian Fagan van die Universiteit van Kalifornië in Santa Barbara en **Why Do Catholics Eat Fish On Friday?** van Michael Foley van Baylor University verduidelik uitvoerig van die politieke en ekonomiese impak van hierdie praktyk op die Westerse samelewing, en hoe jy byvoorbeeld in koning Hendrik die Agtste se tyd maar versigtig moes wees om vis op Vrydae te eet.
- Hoekom juis vis, en nie byvoorbeeld duif of haas of so iets nie? Dit gaan oor warmbloedige diere wat dus hulle lewe vir ons (plesier) moes opoffer. Daarom is koudbloedige diere (soos vis) aanvaarbaar om te eet.

**Interessant:**

*Nog ‘n voorbeeld van die impak wat hierdie vleisvrye Vrydae op ons hedendaagse bestaan het.*

- ’n Man met die naam Lou Groen was die eerste eienaar van ’n McDonalds in Cincinnati. Sy restaurant was in die katolieke deel van Cincinnati en hy het gesukkel om op Vrydae hamburgers te koop.Toe ontwerp hy in 1962 die bekende Filet-O-Fish waar hy die vleis in die hamburger met vis vervang, en voila!, ’n wengereg word gebore!
- In 2012 > 200 miljoen Filet-O-Fish net in die VSA verkoop!
- Byna 25% daarvan word gedurende die Vastyd in Maart verkoop.

*Nie net Rooms-Katolieke nie, ook Anglikane, Metodiste, Lutherane en lede van die Oosterse Ortodokse Kerk.*

  - Het wel met die ontstaan van die Anglikaanse Kerk in die tyd van koning Hendrik die Agtste 'n politieke ondertoon gekry.
  - Toe die pous hom nie wou toelaat om van Catharina van Aragon te skei nie – sodat hy met Anna Boleyn kon trou – het hy afgestig van die Rooms-Katolieke Kerk en die Kerk van Engeland gestig, wat steeds die moederkerk is van die Anglikaanse tradisie.
  - As jy vis op Vrydae geëet het, was dit 'n teken dat jy die Rooms-Katolieke Kerk ondersteun het (en dus téén die koning was!). Dit het 'n geweldige impak op die visindustrie gehad.
  - Eers in 1547 het Eduard die Sesde vasdae weer wetlik verplig: "… "for worldly and civil policy, to spare flesh, and use fish, for the benefit of the commonwealth, where many be fishers, and use the trade of living."
  - Dieselfde effek op die ekonomie is gevoel toe pous Paulus die Sesde in die 1960's die vasreëls verslap het.

- Vir Metodiste ook spesifiek boetedoening vir genotsug (m.b.t. eet en drink).

**Bronne en skakels:**


- https://www.news24.com/Archives/City-Press/Pickled-fish-for-the-Easter-table-20150430
- https://theculturetrip.com/africa/south-africa/articles/this-is-cape-towns-traditional-easter-meal-and-its-pickled/
- https://www.thejournalist.org.za/kau-kauru/the-annual-fish-ritual-becomes-international
- http://www.702.co.za/articles/297550/here-s-why-people-eat-pickled-fish-and-hot-cross-buns-during-easter
- https://en.wikipedia.org/wiki/Hot_cross_bun
- Tannie Flori Schrikker oor kerrievis: https://www.youtube.com/watch?v=7v6rfAOatQo
- https://en.wikipedia.org/wiki/Fasting_and_abstinence_in_the_Catholic_Church#History
- https://www.christianity.com/church/church-life/what-is-ash-wednesday-why-do-christians-celebrate-it.html
- https://en.wikipedia.org/wiki/Friday_Fast
- https://en.wikipedia.org/wiki/Meat-free_days
- https://www.catholic.org/lent/abfast.php
- https://owlcation.com/humanities/The-Roman-Catholic-Tradition-of-Eating-Fish-on-Fridays

- https://www.npr.org/sections/thesalt/2012/04/05/150061991/lust-lies-and-empire-the-fishy-tale-behind-eating-fish-on-friday
- https://usatoday30.usatoday.com/money/industries/food/2007-02-20-fish2-usat_x.htm
- https://www.msn.com/en-us/foodanddrink/restaurantsandnews/the-real-reason-mcdonalds-keeps-the-filet-o-fish-on-their-menu/ar-AAGaoIu


**BRON EN EIENDOMSREG:** GERHARD VAN HUYSSTEEN EN SU-AN MÜLLER-MARAIS.